

Hoofstuk van die dag: Jeremia 35

Maar hulle het geantwoord: “Ons drink nie wyn nie, want ons voorvader Jonadab seun van Rekab het ons beveel: ‘Julle mag nooit wyn drink nie, nie julle nie en ook nie julle kinders nie.’” (vers 6)

Jonadab seun van Rekab was een van die aanvoerders van Jehu, toe hy die dinastie van koning Agab van Israel beëindig het (2 Kon 10:15-17). Dit was meer as 250 jaar vroeër. In al dié jare was hulle getrou aan hulle voorvader Jonadab se bevel, ook toe die hele Israel en Juda die pad byster geraak en God vergeet het.

Die Rekabiete was die bewys dat jy nie met die stroom hoef saam te gaan nie; dat jy nie hoef te sê: “Maar almal doen dit, daarom kan dit tog nie so erg wees nie” (vers 16).Daar is geen verskoning vir die Jode, of vir die moderne ja-broers en meelopers wat God se weë versaak omdat die samelewing hulle nie meer aan God steur nie.

Die Rekabiete se gehoorsaamheid het nie maklik gekom nie. Dit het offers gevra, wat hulle bestaan elke dag geraak het. Gehoorsaamheid aan God vra dit ook, en nog meer. Hy eis immers onverdeelde trou aan Hom (Eks 20:5; vgl Jesus se antwoord aan Satan in Matt 4:10).

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026